

1) Peter neem albasters saam skool toe. Tydens 1ste pouse verloor hy 'n kwart daarvan. Tydens 2de pouse verloor hy nog 8 meer sodat hy 16 oor het na die pouse. Hoeveel albasters het hy saam geneem skool toe?

- A) 96 B) 72 C) 56 D) 18 E) 32

$$32 - 8 = 24$$

$$24 - 8 = 16$$

2) A is 'n getal groter as 20 en kleiner as 30. B is 'n getal groter as 200 en minder as 300. Wat is die kleinste verskil wat daar tussen A en B kan wees


- A) 270 B) 278 C) 170 D) 180 E) 172

Kleinste getal tussen 200 en 300: 201

Grootste getal tussen 20 en 30: 29

$$201 - 29 = 172$$

3) 4 getalle word ewe ver van mekaar op 'n getallelyn geplaas. Bereken die som van A en B.



- A) 240 B) 255 C) 210 D) 300 E) 120

$$180 - 60 = 120$$


$$120 \div 3 = 40$$

$$A = 60 + 40 = 100$$

$$B = 100 + 40 = 140$$

$$A + B = 100 + 140 = 240$$

4) Bepaal die aantal vierkante, van alle groottes, in die figuur.



- A) 9 B) 10 C) 13 D) 14 E) 15


$$1 \times 1 = 9 \text{ vierkante}$$

$$2 \times 2 = 4 \text{ vierkante}$$

$$3 \times 3 = 1 \text{ vierkante}$$


$$\text{Totaal} = 9 + 4 + 1 = 14$$

5) Watter een van die volgende figure pas nie by die ander nie?



6) Joy gebruik identiese driehoekige botter beskuitjies (grys) en sjokolade beskuitjies

(swart) om figure te vorm wat 'n patroon volg. Hoeveel sjokolade beskuitjies sal gebruik word om Figuur 6 te vorm?



- A) 24 B) 36 C) 42 D) 49 E) 52

Die vraag verwys na sjokolade alleen. Pas rekenstrategie toe en teken 'n tabel

<i>Figuur nommer</i>	<i>1</i>	<i>2</i>	<i>3</i>	<i>6</i>
<i># sjokolade beskuitjies</i>	<i>4</i>	<i>9</i>	<i>16</i>	

Vierkantsgetalle: Die reël is dus (nommer van figuur + 1)²

Dus: Fig 6: (6 + 1)² = 7 x 7 = 49

7) Gail benodig 150 stukkies lint vir 'n partytjie. Elke stukkie lint moet 40cm lank wees. Lint word egter in rolle van 5m verkoop. Hoeveel rolle lint het Gail nodig om 150 stukkies lint te kry?

- A) 11 B) 12 C) 13 D) 14 E) 15

Hoeveel lintjies kom uit 1 rol? $500\text{cm} \div 40 = 12,5$. Afgerond tot 12.

Dus: $150 \div 12 = 12,5$

Dus afgerond = 13 rolle.

8) Winkel A het aanvanklik 156kg rys gehad en winkel B 72kg. Nadat elke winkel dieselfde hoeveelheid rys verkoop het, het winkel A, 4 maal meer rys as winkel B gehad. Hoeveel kilogram rys het winkel A verkoop?

- A) 30 B) 40 C) 42 D) 44 E) 50

Probeer en verbeter soos volg:

$156 - 30 = 126$ en $72 - 30 = 42$

$156 - 40 = 116$ en $72 - 40 = 32$

$156 - 42 = 114$ en $72 - 42 = 30$

$156 - 44 = 112$ en $72 - 44 = 28$

$112 = 4 \times 28$

Antwoord dus 44kg

9) $99 + 98 - 97 + 96 - 95 + \dots + 6 - 5 + 4 - 3 + 2 - 1 = ?$

- A) 148 B) 118 C) 99 D) 50 E) 49

$= 99 + 98 - 97 + 96 - 95 + \dots + 2 - 1$

$= 99 + 1 + 1 + \dots + 1$

$\frac{98}{2} = 49$

$= 99 + 49$

$= 148$

10) n Deel van die kaart hierlangsaan is weg. Wat is die nommer van die ry wat 248 bevat?

Row	Column 1	Column 2	Column 3
1	6	8	10
2	12	14	16
3	18	20	22
4	24	26	28
5	30	32	34
	36	38	40
		44	

- A) 39 B) 40 C) 41 D) 42 E) 44

Kolom 1: Reël $\times 6$

Kolom 2: Reël $\times 6 + 2$

Kolom 3: Reël $\times 6 + 4$

Toets elke reël: Slegs 1 werk: $(248 - 2) \div 6 = 41$

11) Jim koop 2 kortbroeke meer as hemde en betaal 'n total van R124. Elke hemp kos R8 en elke kortbroek R12. Hoeveel kortbroeke het Jim gekoop?

- A) 5 B) 7 C) 9 D) 11 E) 12

2 kortbroeke kos R24. Trek af: $R124 - R24 = R100$. Nou is die getal broeke en hemde gelyk.

Hemp en broek sal R20 kos

Dus: $100 \div 20 = 5$; 5 hemde en 5 broeke kos R100.

Aantal broeke = $5 + 2 = 7$

12) Plaas die getalle 1 tot 9 sodat elke ry, kolom en diagonaal, dieselfde som gee. Gebruik elke getal slegs een keer. Bepaal die waarde van $a + b + c + d + e + f$.

a	b	c
9	5	1
d	e	f

- A) 35 B) 30 C) 45 D) 25 E) 15

$9 + 5 + 1 = 15$

$a + b + c = 15$

$$d + e + f = 15$$

$$\text{Total} = 30$$

13) In 'n sak met klein balletjies is $\frac{1}{3}$ van die balle groen, $\frac{1}{6}$ is blou en $\frac{1}{12}$ is geel. Die oorblywende 25 balletjies is wit.

Hoeveel balletjies is blou?

- A) 10 B) 20 C) 30 D) 40 E) 60

$$\frac{1}{3} + \frac{1}{6} + \frac{1}{12} = \frac{7}{12}$$

$$1 - \frac{7}{12} = \frac{5}{12}$$

$\frac{5}{12}$ of all is 25

$$\frac{25}{5} = 5$$


$$5 \times 12 = 60 \text{ (All)}$$

$$60 \div 6 = 10$$

14) Dit neem 1 man 1 dag om a gat van 2m x 2m x 2m te graaf. Hoe lank sal dit hom neem om, teen dieselfde tempo, 'n gat van 4m x 4m x 4m te graaf?


- A) 2 dae B) 4 dae C) 6 dae D) 8 dae E) 10 dae

Solution:




8 van die kleiner kubus vul groot kubus.

15) Hoeveel maniere is daar om van A na B te beweeg, indien jy slegs na regs en opwaarts beweeg?



- A) 2 B) 3 C) 4 D) 5 E) 6


Solution



16) Die punte A, B, C, D, en E is op 'n reguit lyn in volgorde gerangskik. Die afstand van: A na E is 20cm, van A na D is 15cm, van B na E is 11cm, en C is halfpad tussen B en D. Wat is die afstand van A na C?

- A) 10cm B) 11cm C) 12cm D) 13cm E) 14 cm

Solution




17) Die produk van die syfers in die getal 182 is $1 \times 8 \times 2 = 16$. Vir hoeveel 3-syfer getalle, is die produk van hul syfers 16?

- A) 9 B) 12 C) 15 D) 16 E) 18

Getalle is:


128 182 218 281 812 821
 144 414 441
 244 424 442

18) Wat is die omtrek van die geometriese figuur hierlangaan aangedui ?




- A) 52 B) 56 C) 60 D) 64 E) 76

Voltooi ontbrekende sye.



$14 + 4,5 + 3 + 3 + 4,5 + 14 + 4,5 + 9 + 3 + 9 + 4,5 = 76$

19) Die twee stukkies hout in die skets hieronder, is beide 120cm lank en hul oorvleuel mekaar. Die een stukkie is in kwarte verdeel en die ander in derdes. Wat is die moontlike totale lengte wat in die skets aangedui word?



- A) 240 B) 170 C) 160 D) 150 E) 130


Elke stukkie van die onderste stuk is $120 \div 3 = 40\text{cm}$

Elke stukkie van die boonste stuk is $120 \div 4 = 30\text{cm}$

Totale Lengte: $40 + 40 + 40 + (30 - 10) + 30 = 170\text{cm}$ or

Totale Lengte: $30 + 30 + 30 + 30 + (40 - 30) + 40 = 170\text{cm}$

20) Vier identiese sirkels pas binne in 'n reghoek. B is die middelpunt van 'n sirkel. Wat is die omtrek van die reghoek ?



- A) 240mm B) 120mm C) 96mm D) 24mm E) 12mm

Halfte van deursnee: $60\text{mm} \div 5 = 12\text{mm}$

Deursnee: $12\text{mm} \times 2 = 24\text{mm}$

Lengte reghoek: $24 \times 4 = 96\text{mm}$

Breedte reghoek: Gelyk aan deursnee: 24

Omtrek $2(L + W) = 2(96\text{mm} + 24\text{mm}) = 240\text{mm}$